# VERSLAG: MAANLIGSTAP NA BOTHASHOEK

# 14-15 FEBRUARIE 2025

Die warm dag, soos een van daardie dae in Januarie waarvoor die Klein Karoo bekend (of berug) is, was bykans verby toe ons om 17:00 die middag by Cango Wildlife Ranch bymekaarkom om van daar af na Ou Tol bo in die Swartbergpas te vertrek. Ek het my Cressida by De Hoek parkeer sodat ons by die eindpunt 'n voertuig sou hê om die bestuurders na Ou Tol terug te neem om hulle voertuie daar te kry. Teen ongeveer 18:00 was almal by Ou Tol, gereed om te begin stap. Soos altyd was daar nuwe mense in die groep en 'n uitbundige oor-en-weer groetery om met mekaar kennis te maak. Die weersiens van ou stapvriende en die ontmoeting van nuwe stapvriende is altyd kosbaar.

## DIE GROEP

Die groep het uit 6 mans en 6 vroue bestaan, wat kenmerkend is van die goeie balans wat daar tans in die klub is.




***Agter vlnr:*** *Marina Kühn, Dawn Trevelyan en Chris Herselman.* ***Voor vlnr:*** *Louisa du Buisson, Annelies Fourie, Lianda Oosthuizen, Colin Young, Anrie Esterhuizen, Charles Smith, Annemarie Roeloffze, Kruge Roeloffze (Foto: Danie Steyl)*

## DIE MAANLIGSTAP VANAF OU TOL NA BOTHASHOEK-HUT (13 km)

Hoewel die idee was om in die maanlig tot by Bothashoek-hut te stap, het ons reeds om 18:15 in daglig vertrek en waarskynlik omtrent die helfte van die 13 km op die tweespoorpad afgelê voordat die maan om 20:30 opgekom het. Ongeveer 'n uur voordat die maan opgekom het, was dit reeds so donker dat almal met hulle kopliggies moes loop om te kon sien.

Op die skuins gedeeltes is daar dele waar die tweespoorpad erg verspoel en baie ongelyk is, en in die donker moes ons mooi trap om nie te struikel en ons bobekke weg te val nie. Hier en daar is daar dele van die pad waar sementspore in die pad aangebring is, wat die stap in

daardie dele in die maanlig vergemaklik het. Dit lyk asof CapeNature met hulle beperkte begroting en mannekrag pogings aanwend om die pad te red.

Iewers halfpad het die groep vir ’n ruk gestop om iets te eet en drink, en daarna die oorblywende deel tot by die hut in ’n gesellige en positiewe luim afgelê. Dit is nou een ding van hierdie klub se mense – hulle is positief, en niks kry hulle onder nie! ’n Taamlike wind het deurentyd gewaai en was koel genoeg om te keer dat ons ons sopnat sweet – dit was ’n bonus.

***Wenk vir toekomstige maanligstappe:*** Stel vooraf vas hoe laat die maan gaan opkom, en reël so dat die groep eers begin stap nadat die maan opgekom het, al is dit laterig in die aand – dit sal ’n beter ervaring wees.




*Sonsondergang en gesellig saam kuier in die donker*

**DIE BOTHASHOEK-HUT**

Die laaste stappers het die Bothashoek-hut teen omtrent 22:20 bereik – ongeveer 4 ure nadat ons by Ou Tol begin stap het. Dit was ’n merkwaardige gemiddelde 3+km per uur – heelwat vinniger as die beproefde 2 km per uur gemiddeld wat in normale toestande met groepe in berge afgelê word (dit sluit rustydperke in).

By die hut het almal hulle lêplek in die netjiese slaapkamers gekry en begin om vir die nag gereed te maak. Ons het gou vasgestel dat die boonste twee watertenks heeltemal leeg was, en die onderste een het baie min water gehad – nie genoeg om te stort nie. Ons moes ook water uit daardie tenk in die emmer tap om by die toilette te gebruik. Die volgende groep gaan nie water hê nie, tensy dit vooraf voldoende reën. Hoewel dit lekker sou wees om skoon te gaan slaap, is dit darem ook ’n kenmerk van ’n ware stapper dat hy/sy dit kan vat om vuilerig te gaan slaap as dit nie anders kan nie.

Die sonkrag-beligting by die hut werk ook nie goed nie, en nie al die ligte in die kamers het gewerk nie. Dit was goed dat ons met kopliggies toegerus was.

’n Deel van die groep het vir nog ’n ruk lekker in die kombuis gekuier, terwyl die ander vroeg gaan slaap het.

**DIE STAP VANAF BOTHASHOEK-HUT NA DE HOEK (9 km)**

Ons oumense word mos vroeg wakker, en dan jeuk dit, en dan moet jy opstaan. Dit was weer so op die stap. Hier rondom sesuur was ’n hele klompie van ons al wakker, en as jy eers ’n draai gaan loop het, is jy mos nog wakkerder en raak jy meer bewus van jou honger en dors. So het die eerste stofies begin suis vir koffiewater, het die geselsies begin, en was almal uit die kooi.

Dit was so beplan dat ons nie te vroeg sou begin nie, want dan sou die son reg in ons gesigte onder ons hoede in geskyn het teen die bult op na die nek toe. Teen 08:00 was almal gereed om te stap, en nadat die groepfoto geneem is, het ons ons die pad gevat teen die berg-op na die nek toe, waar ons 'n rukkie gesit het om die uitsig oor die berge te bewonder.



*Pragtige uitsig van die nek af ooswaarts*



*Tekens van die brande in Januarie 2025*

'n Groot gedeelte van die roete wat ons gestap het, is in die gedeelte van die berge wat in Januarie 2025 gebrand het, en hoewel die omgewing nie sy normale prag kon toon nie, was dit goed om te sien hoe die nuwe groei uit die pikswart gebrande stammetjies van plante te voorskyn kom. Hulle kort nou net reën sodat die herstelproses kan versnel.

'n Ent teen die berg af het die groep gestop om 'n laat ontbyt of vroeë middagete te geniet, en daarna verder gestap. Dit was baie warm (ongeveer 34 °C), en ons het bewonderenswaardig gesweet teen die bulte af. Teen ongeveer 12:30 was ons by De Hoek, vanwaar ek toe die bestuurders van die ander voertuie na Ou Tol toe geneem het om hulle voertuie te gaan kry. Die Swartbergpas, veral die boonste gedeelte, is maar in 'n swak toestand en plek-plek erg verspoel. 'n Mens hoop maar die owerhede het die visie om dit te gaan regmaak...

Die passasiers is toe by De Hoek opgelaai, en op pad terug het die groep vir oulaas by Wilgewandel gestop om saam iets te eet en/of te drink. Daarna het ons almal gegroet en huiswaarts gekeer.

Ons klub is besonder gelukkig dat daar vir minstens die afgelope 25 jaar op nie een van sy staptoere, en ook nie op hierdie een nie, iemand was wat so beseer is dat hy/sy uitgedra moes word of nooddienste ontbied moes word nie. So sorg ons Hemelse Vader vir ons...

Baie dankie aan almal in die groep wat bygedra het om van hierdie staptoer 'n sukses te maak. Dankie vir julle positiewe ingesteldheid, julle lekker gesels, die grappe en mooi gesindhede waarmee julle altyd die staptoere verryk.

Baie dankie ook aan Nanie vir al die vooraf reëlings wat sy getref het – iemand op wie 'n mens altyd kan staatmaak!

Tot volgende keer!

**Danie Steyl**
**(Mede-organiseerder saam met Nanie)**